**Skrifgedeelte: Openbaring 3:1-6**

**Teksverse: Openbaring 3:1**

**Tema: Het die kerk dalk `n identiteitskrisis?**

Shakespeare het in Romeo en Juliet gevra: "What's in a name? That which we call a rose by any other name would smell as sweet." Dalk kan dié saak oor name waar wees oor blomme en baie ander dinge, maar wanneer dit by die kerk van die Here kom, is dit duidelik nie die geval nie! Duidelik kan ons as die kerk van die Here net een van twee moontlike name, of reputasies, hê – dié van `n lewende gemeente of dié van `n dooie gemeente.

Hierdie gemeente in Sardis het die naam gehad dat hulle lewe en dit was `n naam wat heel moontlik deur die gemeenskap self aan hulle gegee was. Interessant genoeg is hierdie gemeente in Sardis die enigste een van hierdie sewe gemeentes waarvan ons nie hoor dat hulle verdruk was nie. Van al die ander gemeentes in Openbaring 2 en 3 hoor ons dat hulle verdruk is, dat hulle baie moes ly, dat daar dwaalleer was en dat hulle vervolg was, maar nie van hierdie gemeente nie!

Hierdie gemeente in Sardis het geen teenstand gehad van hulle gemeenskap nie. Trouens, hulle het hierdie naam, hierdie reputasie, in die gemeenskap gehad dat hulle lewe en om hierdie rede was hierdie gemeente gerus en rustig oor die situasie waarin hulle was. En juis dit was die rede hoekom hulle in werklikheid dood was!

Sien, hierdie gemeente het só een geword met die gemeenskap en samelewing waarin hulle was, dat hulle die krag van hulle getuienis, die krag om sout en lig te wees, verloor het. Hulle het só een geword met die samelewing, dat hulle nie meer die samelewing "geïrriteer" het met die boodskap van Jesus Christus nie! Juis om hierdie rede was hulle dood in die oë van Jesus Christus. Daarom dat Christus vir hulle sê dat hulle goeie reputasie by mense veroorsaak het dat hulle in werklikheid dood was in die oë van Christus. Hierdie goeie reputasie wat hulle in die gemeenskap gehad het, was op die einde die goed waarmee hierdie gemeente besoedel is. Soveel só, dat hulle in werklikheid dood was.

Daarom dat Christus Homself op `n besonderse manier aan hierdie gemeente bekend maak deur te sê dat Hy, wat met hierdie gemeente praat, die Een is wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het. Die sewe Geeste van God wys op die volheid van die Heilige Gees en die groot verskeidenheid van die werk van die Heilige Gees, terwyl Openbaring 1:20 vir ons leer dat hierdie sewe sterre die sewe leraars van die gemeentes is. Dit is deur hierdie sewe leraars wat die Woord van God aan die gemeente bedien word.

Wat Christus hiermee doen, is om die gemeente daarop te wys dat die enigste "naam" wat vir Hom oor sy Kerk saak maak, die "naam" is dat die Heilige Gees en die Woord die gemeente stuur. Dit is die enigste, ware reputasie wat die kerk van die Here moet hê; die reputasie dat die Heilige Gees in `n gemeente aktief werk en dat die gemeente deur die Woord van God gedryf en gestuur word.

Om hierdie rede dat Christus vir hierdie gemeente hierdie besonderse opdragte gee: "Word wakker en versterk wat nog by julle oorgebly het....dink daaraan hoe julle die evangelie ontvang en daarna geluister het. Hou daarmee vol en bekeer julle...". Dit wys alles op die werk van die Heilige Gees in `n gemeente en hoe die gemeente gehoorsaam is aan die Woord van God. Dit is waar die ware lewe

vir `n gemeente lê! Die enigste naam wat vir God tel, is die feit dat die gemeente deur die Woord en die Gees lewe.

Daarom dat ons as gemeente moet vra: watter naam het ons? Ons as Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos het in die samelewing `n besonderse naam. As jy rond vra in die kerkgemeenskap het ons die reputasie, die naam, dat ons nie verkramp is nie, dat ons besonderse jeugbediening het en dat ons `n gemeente is waar liefde bewys word. In die samelewing staan ons bekend vir die kersmark, die Oosdopperfees en dat ons nog `n gemeente is wat goeie bywoning by aanddienste het.

Is dit egter nie dalk alles goed waarmee ons ons klere besoedel nie, soos hierdie gemeente in Sardis ook maar hulle klere besoedel het met hulle goeie reputasie nie? Ry en vertrou ons nie dalk te veel op ons reputasie in die gemeenskap en té min op die Woord en die Gees nie? In die fokustyd het ons al heelwat gefokus op die werk van die Heilige Gees in `n gemeente, maar hoe is dit al deel van ons lewe as gemeente?

As ons as Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos nie hierdie fokustyd – en elke dag daarna! – gebruik om opnuut te fokus op die Woord en die Heilige Gees nie en as ons nie werklik daaruit leef nie, is ons nie veel anders as wat hierdie gemeente in Sardis was nie. Dan het ons wel die naam dat ons lewe, maar is ons in werklikheid dood.

Ons kan al die regte geluide maak. Ons kan elke mens respekteer en nie aanstoot gee nie. Ons kan by allerhande mensgemaakte reëls, besluite en wette hou en ons kan allerhande goeie en mooi tradisies beskerm en respekteer. Dit gaan niks beteken as ons nie deur die Woord en die Heilige Gees lewe nie! Al wat dan aan al daardie besluite, wette en tradisies hang, is die stank van verrotting. Die stank van `n dooie gemeente.

As ons egter opnuut fokus op die Woord en die Heilige Gees, en ons as gemeente bekeer om opnuut werklik te doen wat die Woord en die Heilige Gees sê, dan sal ons weer werklik lewe! Dan sal ons nie meer in hierdie identiteitskrisis vasgevang wees waar ons `n naam het dat ons lewe, maar in werklikheid is ons dood nie. Dit is dan wat ons hierdie besonderse belofte ontvang dat ons name nooit uit die boek van die lewe uitgehaal sal word nie en dat Christus voor ons Vader en voor Sy engele sal verklaar dat ons aan Hom behoort.

So, my broer en suster, watter naam, watter reputasie, het ons werklik? Mag ons Verlosser ons genadig wees en in hierdie tyd ons terugbring na Hom toe. Mag ons werklik terugdraai, omdraai, na Hom toe! Mag die Heilige Gees en die Woord ons lewe as gemeente rig, sodat ons nie net `n naam sal hê dat ons lewe nie, maar dat ons werklik in die oë van die Here sal lewe!

Amen